

BYDRAES TOT BRONNE OOR JOHANNES DINKWANYANE

Johannes Dinkwanyane was die halwe broer van Sekhukhune, opperhoof van die Pedi. Vroeg in 1861 is hy deur die sendeling Alexander Merensky bekeer en toe Merensky in 1864 verplig is om Sekhukhuneland te verlaat, het Johannes Dinkwanyane hom gevolg omdat Sekhukhune gedreig het om ook hom te laat doodmaak aangesien bekeerdes as ver-raaiers deur Sekhukhune beskou is. Johannes en 'n paar volgelinge het aan die begin fluks gehelp met die opbou van die nuwe sendingstasie Botšhabêlo ten noorde van Middelburg, maar weldra het die vraag ontstaan wie eintlik die leier van die nuwe gemeenskap moet wees. Merensky kon nie verstaan waarom Johannes, wat die bloed van die stamhoofde in sy are gehad het, hom nie wou onderwerp aan die gesag van die blanke sendeling nie. Johannes het ook sy lojaliteit jeens Sekhukhune behou, maar het geweier om na Sekhukhuneland terug te keer omdat hy terselfdertyd Christen wou bly. Om verdere onaangenaamheid en tweespalt op die sendingstasie te vermy, het Johannes van die regering toestemming gekry om hom en sy volgelinge aan die Spekboomspruit naby Lydenburg te vestig. Weldra het hy met agente van Sekhukhune geskakel en het Sekhukhune Johannes se stat as 'n voorpos van die Pedi beskou. Sekhukhune het terselfdertyd geweier dat Johannes na Sekhukhuneland terugkeer aleeër hy nie eers sy Christelike geloof afsweer nie. Hiervoor was Johannes nie te vinde nie. 'n Sekere boer met name Jankowitz het in 1876 hout gelaai op 'n stuk grond wat deur Johannes as sy grond beskou is. Johannes se Pedivolgelinge het die hout afgeneem en 'n beroep op Sekhukhune gedoen om hulle by te staan. Sekhukhune se impi's het die grense oorgesteek en oorlog het uitgebreek. President Burgers het besluit dat 'n burgerkommando bygestaan deur Swazievrywilligers eers Johannes se stat sou beset voordat die burgerkommando's Sekhukhuneland binnetrek. Op 14 Julie 1876 het die Swazies Johannes se stat bestorm. Kommandant Coetzee en 'n afdeling burgers het dekkinkvuur verskaf. 'n Bittere geveg het hierop tussen die Pedi en die Swazies losgebreek, maar as gevolg van die groter getalle van die Swazies, het Johannes en sy volgelinge teruggeval tot in 'n grot wat bokant sy stat geleë was. Hier het Johannes besluit om tot die dood toe weerstand te bied.

— Red.

Die hiervolgende gegewens behels 'n kaart en beskrywing van die gebied waar Johannes tydens die aanval op hom, gewoon het, gevolg deur deponentsverslae en beprekings oor sekere gesigspunte wat daaruit voortvloei.

A. Kaart en bekrywing van gebied.

In 1943 het ek die gebied die eerste keer besoek, onder aanvoering van twee gidse, daartoe opgedra deur stamhoof Micha, seun van Johannes.

Ter oriëntering dien dat die hulp van Micha en die openhartigheid waarmee hy en sy onderdane hulle herinneringe aan my meegedeel het, voortspruit uit 'n lewenslange vriendskap tussen hom en my oorlede vader.

In Julie 1962 kon 'n tweede besoek aan die „stat” gebring word, tesame met Stefaans Modipa, een van die twee vorige gidse, wat die vermoeiende reis hierdie keer ter nouernood kon voltooi.

Johannes se hutte en veekraal (waarin hy begrawe lê) was langs, en half teenaan 'n grotkoppie geleë. Twee klippe, regop ingeplant, en wat as hekpale vir sy kraal gedien het, staan nog ongestoor. Sy ou werf word op meegaande kaart aangedui teenoor die naam „Johannes”.

Die oorsprong van die grotagtigheid van hierdie en talle ander sulke koppies in die omgewing, moet toegeskryf word aan die selektiewe verwerking van die verharde leiklipformasie, enersyds langs die byna horisontale, oorspronklike afsettingsvlakke van die lae en andersyds langs vertikale nate. Die oop ruimtes wat deur sodanige verwerings en erosie ontstaan het, vorm 'n netwerk in die twee genoemde hoofrigtings, soms met etlike ingange, en verskil dus heeltemal van die gewelfde grotte, kenmerkend van kalkagtige formasies.

Die koppie by Johannes se ou werf het nie veel oop ruimtes binnekant nie en kan kwalik veilige skuiling bied vir 'n twintigtal persone. Dis moontlik vir iemand om by die kraal se kant in te gaan en op meer as een hoogte aan die teenoorgestelde kant uit te kom.

Die bygaande kaart, voorsien van hoogtelyne, is vervaardig met behulp van lugfoto's, aangevul deur geodetiese, vasgestelde kontrolepunte. Dis akkuraat genoeg om toekomstige besoekers in staat te stel om, tesame met die voorafgaande beskrywing, die ou werf sonder moeite te plaas. Eerlank sal daar haas niemand meer wees wat hierdie plek kan aanwys nie, al sou die enkele bejaardes, wat dink dat hy die plek nog kan herken, met 'n helikopter langs die bergagtige gramadoelas na die nou kloof kon afdaal. Bowendien het die Dinkwanyane-stam in 1961 van hierdie omgewing (Boomplaats) verhuis na die plaas Sterkspruit, noord van Ohrigstad.

My gidse kon die Kanonkop (ook Vaalkop genoem) nie aanwys nie. Die afleiding van hierdie plek, soos op die kaart aangedui, berus op 'n proses van eliminasië, gerugsteun deur die verslae van ooggetuies. Gelukkig is die fisiografie van die omgewing van so 'n aard dat daar kwalik 'n ander geskikte plek kon wees vir 'n kanon van daardie dae om direk op die statte te skiet.

Wat 'n mens van die ou verblyfplekke tref, is die byna ongestoorde toestand van die goedgeboude en talryke klipskanse. Miskien is dit begryplik omdat die omgewing sinds meer as tagtig jaar verlate is. Hoewel los klippe volop is, moes dit nogtans 'n reusetaak gewees het om die mure te bou, wat hier en daar in splete tot teenaan die koppies strek en wat die skerpingevrete klofies versper. Die klofie wat by Johannes se ou kraal verbyloop, is elke 20 voet met 'n klipmuur toegepak, sommige waarvan hoog genoeg is om nie slegs as versperrings te dien nie, maar wat ook as doeltreffende skanse gebruik kon word, veral teen vyande wat van die onderkant nader, d.w.s. van die rivier se kant of oostekant. Na hierdie omstandigheid word later weer verwys.

Selfs onder diegene wat die onlangse verhuising na Sterkspruit aanvaar het, was daar tog hartseer oor die verlating van die gebied naby die voorvaderlike grafes, waar die *badimo* (geeste) verblyf hou. Stefaans het my naby Johannes se ou werf die plek aangewys waar daar selfs nog in 1960 beeste aan die geeste geoffer is, gepaard met die gebruiklike danse en drink van bier. Tydens ons besoek het Stefaans, 'n belydende Christen, met geboë hoof die geeste se beskerming afgesmeek vir ons behoud teen enige leed.

B. Deponentsverslae.

Onderhoude met Bantoes is baie vergemaklik deurdat hulle direk in Sotho of Swazie gevoer kon word, wat waarskynlik bygedra het tot groter openhartigheid en vertroue by deponente. Hoewel verslae in die eerste persoonsvorm verskyn, is die bewoording op slot van sake die verslag-gewer se samevatting, wat die soms omslagtige antwoorde en verduidelikings van deponente hopelik juis vertolk. Kennis van hulle beeldspraak, tipiese segswyses en selfs gewoontes, dra daartoe by om die gegewens suiwerder te kan weergee.

1. *Micha Dinkwanyane*

Die onderhoud het in Julie 1943 plaasgevind toe hy in die tagtig jaar oud moes gewees het. Hy was skraal gebou, sowat 5 voet 9 duim lank en liggeel van gelaatskleur.

„Ek is Johannes se seun. Ek het hom as stamhoof opgevolg nadat ek meerderjarig geword het. Hierdie twee manne sal jou Mafolofolo gaan wys — ek is te oud om so ver te loop. Hulle sal jou alles wys, ook die plek waar die Swazies my pa met die asgaai gesteek het.”

„Maretsiking (Eerw. Merensky) het my gedoop. Ek was 12 jaar oud toe ons van Botšhabêlo na Mafolofolo getrek het. Ons was 110 mense bymekaar. Ons het beeste en bokke gehad en 'n waentjie met asse van hout gemaak. Sommige van ons het by die Boere gewerk — ons het Breytenbach gehelp oes. Maretsiking het kwaad gesteek onder die Pedi. Jankwis (J. C. Jankowitz) het pale gekap naby Tom Byrne (Boerboomkraal) van home waaruit melk op die kapplekke tap. Johannes se volk het die pale van hom afgeneem.”

„Ek het 1½ jaar in Kimberley gewerk, en ook op Barberton, toe dit aangelê is. Ek was op pad na Sekhukhune toe die berig van sy dood my bereik het. Na Johannes se dood was sy vrou Martha, ons regent, bygestaan deur Stefaans Tshitshiwala en Corneels Mokgwatshane. Johannes se hoofdoena was David Mpyane; ander was Adam Mafati, Nathaniel Phala, Mareldi en Mphahlela.”

2. *Batseba, die vrou van Kgogo Modipa*

Volgens haar doopseël is sy in November 1864 gebore en agt maande later op Bothšhabêlo gedoop. Die eerste onderhoud met haar is in 1944 gevoer, gevolg deur twee ander, die laaste waarvan 'n paar maande voor haar dood plaasgevind het, toe sy bykans 98 jaar oud was. Hoewel sy

toe meer tydsaam was om uit haar herinneringe op te diep, het daar weinig aan haar geheue geskort.

Op byna 12-jarige ouderdom, moes die aanval van 14 Julie 1876 'n geweldige indruk op haar gemaak het, wat haar waarskynlik ook meer ontvanklik gestem het vir latere, meegedeelde besonderhede, siende dat sy op daardie ouderdom nouliks die besondere kundigheid wat sy aan die dag gelê het, toe reeds deur eie ervaring kon verwerf het.

„Ek het saam met Johannes van Bapediland na Bothšhabêlo getrek. Ek moes toe nog geabba word. Toe ons van Bothšhabêlo wou trek, was die plan eers om na Swazieland te gaan, maar ons het daarvan afgesien omdat ons verneem het dat die Swazies ons sou vermoor. Op pad van Bothšhabêlo na Mashishine (Lydenburg) het ek self geloop. Ons het twee waens gehad, een waarvan met 'n tent. Ons het ook beeste en bokke gehad. Ons is in die ploegtyd daar weg en het rus-rus getrek. By Sekgamê (Spitskop) het ons 'n week vertoef, omdat dit gereent het. Terwyl ons daar was het die weerlig ses beeste van 'n Boer doodgeslaan. Ons het die vleis geëet. Die Witmense het met ons kom praat, en toe het ons die geweurs met rietmatte toegedek as 'n teken van vrede. Toe het die trek gesplits: die meeste mans is met die vee na Mashianama'ne¹ (Frisch-gewaagd), en die res is na Mashishine, alwaar ons kruit en doppies gekoop het. Daarna het die trek hom weer verenig by die nek waar die pad oorgaan na Motsêpula (Watervalrivier).² Vandaar is ons na Makgowelane, waar daar rotstekeninge is, en toe het die jagters ons gelei na 'n plek met grotte, langs Mopêtsi (Spekboomrivier), onderkant Pôrôrông (Dorps-waterval). Die naam van die plek is Mafolofolo.³ Daar het ons gebly en drie maal geploeg voordat ons verdryf is.”

„Ons het kruit en geweurs van Jankwis verhandel. Later het ons hom verhinder om pale te kap — dit was pale van *morekure* (tambotie). Ons het ook by Sekhukhune gaan *rapêla* (soebat) deur hom vier *nakgwana* (swartwitrug verse) as geskenk aan te bied. Ek weet dit want Johannes moes een vers ruil om vier van dieselfde kleur bymekaar te kry. Ons pleidooi het geslaag, want Sekhukhune het ons kafferkoring as teëgeskenk gestuur.”

„Die aanval op Mafolofolo het teen sonop met die skiet van die kanon in aanvang geneem. Ek het die kanon nie gesien nie, want ek het weggekruip, maar as ek buitekant gestaan het, sou ek die plek maklik kon sien. Die jong manne het toe deur die rivier gegaan, in die rigting van die kanon, om die vyand tegemoet te gaan, min wetende dat die Swazies van die teenoorgestelde kant sou aanval. Die ouere mans het agtergebly, en die vrouens en kinders het in die grotte gevlug. Die gevegte met die Swazies, wat nie geweurs gehad het nie, het aanvanklik in die beeskrale en *dikgôrông* (hutomheinings) gewoed, maar die Swazies het ons manne

1. Verwys na die bewende vel (vleis) van 'n opgewonde dier.

2. Die „Nek” word aangedui op die suidwestelike hoek van megaande kaart.

3. Die woord beteken „Vlytigheid”.

teruggedryf na die grotte, alwaar die vyand gestuit is, want toe het van die jong manne teruggekom om te help."

„Ek was by Johannes in dieselfde grot, naasaan sy beeskraal. 'n Swazie het hom een steek met 'n asgaai in die skouer toegedien. Johannes het langs 'n boomstam gestaan wat die toegang tot die grot versper het. Die Swazie het bokant Johannes gestaan en kon hom langs die boomstam af met sy asgaai bykom. Nadat die Swazies weg is het Johannes gesterf."⁴

„In een van die grotte, waar daar net vrouens was, het 'n Swazie-soldaat tot by 'n ou vrou ingekom. Hy kon haar nie sien nie, want sy oë het hulle nog nie by die donker van die grot aangepas nie. Die ou vrou het die Swazie se asgaai uit sy hande gegryp en hom daarmee doodgesteek."

„Die Swazies het 5 vrouens doodgemaak en 3 weggevoer. Daar het baie Swazies gesneuwel — ek weet nie hoeveel nie. Hulle het ons beste weggevoer. Daar was nie baie beste nie, net dié wat ons van die Boere gebuit het. Ons eie beste was by Tuwatse (Steelepoortrivier), waarheen ons hulle veiligheidshalwe gestuur het, omdat ons agterdogtig was, nadat ons Swazie-spioene in die omgewing gewaar het."

„Die Swazies het ons sonder welslae uit die grotte geprobeer rook. Nadat hulle weg is het Eerw. Bauling gekom om ons gewondes te verpleeg, maar ons wou nie, want ons was bang.⁵ David Mpyane het ook gesneuwel. Mampuru en sy indoena, Mmôtô, het saam met die Swazies gekom. Mmôtô het net betyds verhoed dat 'n Swazie die arms van Mpyane afkap om sodoende sy armbande (*mphiri*) as buit gou in hande te kry. Mmôtô het lank verslae by die lyk van sy ou vriend gesit."

„Na die slag het ons getrek na Onverwacht, aan Steelepoortrivier. Na die vrede met Pôrpôr (Pres. T. F. Burgers) het ons naby Morône gaan woon. Toe die oorlog weer uitbreek, het ons tot op die Morône gevlug — die berg is plat bo, en daar is water. Ons kon daar ook lande maak. Na die verowering van Sekhukhune is ons beveel om die berg te ontruim en het ons by die Sendingstasie naby Mashishine gaan woon, en nog later hier op Boomplaats."

„Onder Johannes se indoenas was daar: David Mpyane, Mafati, Corneels Mokgwatshane en Stefaans Tshitshiwala (my vader). Ek het Salomon ook geken — sy van was Motlane."

3. *Nyama Motuwatse*

Die onderhoud is met hom gevoer op Elandshoek in 1952, toe sy ouderdom op ongeveer 85 geskat is. Dit het geblyk dat sy feite baie betroubaar is, en daarby was hy baie goed ingelig. Sy beskrywing van die bewegings van sy ouere broer, Mampuru, wie hy op 'n gedeelte van sy rondswerwery vergesel het tot in Swazieland, is uiters waardevol. Uit sy herinneringe is slegs 'n paar sinsnedes hier van toepassing.

4. Blykens sy doopseël was Johannes toe ongeveer 35 jaar oud.

5. Tydens Eerw. Bauling se eerste besoek kon hy nie eers vasstel of Johannes dood was al dan nie. Kyk R2057/76.



„Mampuru se hoofdoenas was Jaga, met die roemnaam Mmôtô (ook wel Mammôtô). Sy regteroo was skeel. Hy het eendag in 'n geveg op Pokwane gesneuwel.”⁶

„Makosmane (Dirk J. G. Coetzee) het destyds op Houtbosfontein gewoon. Hy was die vader van Sebause (Komdt. C. G. Coetzee). Johannes het daar begin bou, maar Makosmane het hom weggejaag, en toe is hy terug na Mohlotsi (Klein Olifantsrivier — menende Bothšhabêlo).”

4. *Dabula Shonga*

Sy herinneringe is op my versoek in September 1944 op die plaas Paardeplaats, distrik Carolina, aangeteken deur wyle mnr. Jaap Breytenbach, wat baie goed Swazie kon praat . . . en in die geskiedenis van die Bantoe belang gestel het. Shonga se ouderdom is toe op 90 jaar geskat.

„Ek het die oorlog teen Makwanyane (Dinkwanyane) meegemaak as 'n soldaat in die Ndhlawela-regiment wat toe sy bloeddoo moes deurmaak. Dan was die Makhahlela-regiment ook daar en 'n gedeelte van die Inyati-regiment. Daar was 'n paar regimentsgeneraals, soos Mathatiane, Manibane en Giba; ons hoofaanvoerder was Mataffene Majloti. Ons het oor Mashishine getrek waar hulle vir ons 10 osse geslag het, maar ons moes vertrek voordat ons die vleis kon eet.”

„Met die slag teen Makwanjane het on groot verliese gely — ek het selfs 'n asgaaisteek in my linkerarm gekry, soos hierdie litteken getuig. Ons het nie veel beeste as buit gekry nie, en ons moes met 'n klein klompie tevrede wees, benewens 'n paar vrouens en kinders. Ons was kwaad oor die klein buit en het met ons deurtog op Mashishine geplunder.”⁷

„Die kommando is deur die Witmense aangevra. Vir hierdie doel het hulle Kalishane⁸ (Philip Coetser) na ons koning gestuur. Die Mosotho, Mampuru en sy indoeana, Mmôtô, en hulle gevolg het die agterhoede van ons kommando uitgemaak. Hulle het destyds by ons koning skuiling gesoek, en het in die distrik Mzindene gewoon, aan die oostelike hange van die berge wat Barberton oorblik, en wat toe nog 'n gedeelte van Swazieland was. Ons Swazies het 'n grief teen die Pedi gehad, omdat hulle van die dae van Sekwati herberg verleen het aan rebelle, o.a. aan prins Mabehla en Msutu Mshobiane. Alle Swazies wat kwaad gedoen het, het daarheen gevlug.”

5. *H. T. Glynn*

Dis bekend dat hy en sy gesin destyds op die naburige Krugerspost gewoon het. Hy het die kommando na Johannes na alle waarskynlikheid meegemaak. Aangesien die bron van sy herinneringe intussen verlore gegaan het, word die betreffende uittreksel uit die afskrifte wat ek in 1936 op Sabie gemaak het hier volledig en sonder korreksies weergegee.

„A kommando from Crocodile River, Lydenburg and Krugerspost, together with some 3,000 Swazies from Umbandine, were ordered to attack

6. Mmôtô het die bende aangevoer wat Sekhukhune vermoor het.

7. Wyle mnr. Frank MacLachlan het my vertel hoe hy Swazies 'n huis sien binnegaan het en die tafelgerei verwyder.

8. Die verkleinwoord van *kalishi*, afgelei van Afrikaans *kar*. Die bynaam verwys na die perdekarretjie waarmee Coetser dikwels gereis het.

Johannes. Krugerspost was then under Komdt. Pieter de Villiers. All told there were about 300 men (with 300 native attendants) due to attack from the south, the Swazies under Coetser, on a sign from the whites, were to attack from the North. A German artilleryist Riddell was in charge of the field pieces and after about a dozen shots fired into the kloof, the Transvaal flag was raised — the sign to storm. About 800 Swazies fell in 20 minutes, but once they were inside they speared every living being. Johannes fell with an assegai through his body, a bullet pierced his cheek and another broke his wrist. He died that night.”

„The Swazies were very restive because Kondt. Coetzee had failed to storm, according to agreement. Coetzee was court-martialled and ordered to be shot dead. This was later commuted to a fine of £500, which was never paid and forgotten with the annexation.”⁹

6. *Ander herinneringe*

Gepubliseerde herinneringe van twee ander ooggetuies stam van Komdt. J. Carel Winterbach¹⁰ en Eduard von Brandis.¹¹ Eerw. A. Merensky was ooggetuie van, en direk gemoeid met baie van die gebeurtenisse voorafgaande die aanval.¹²

C. Bepreking van sekere gegewens.

1. *Versoening van Johannes met Sekhukhune*

Deur Batseba se onthulling, het dit bekend geword hoe hierdie twee broers met mekaar versoen geraak het, na die bittere vyandskap wat daar tussen hulle oor geloofskwessies ontstaan het, ten gevolge waarvan Johannes in 1864-65 na Bothšhabêlo moes vlug.

Blykens talle briewe van Landdros Cooper aan die staatsowerheid in die jare 1874-76, was die Lydenburgers onbewus, of altans nie oortuig nie van hierdie versoening tot omtrent April 1876,¹³ anders kon die optrede van die Owerheid dalk glad ’n ander verloop gehad het, in plaas van selfs die gedagte om Sekhukhune teen Johannes te gebruik.

2. *Die voorvalle met Jankowitz*¹⁴

(a) De Groote Boom No. 214 (nou 340 K.T.), wat J. C. Jankowitz van M. J. Schoeman gekoop het en wat hy onder bedreiging van Johannes se volk moes verlaat, is op 5 Mei 1848 „aangeteken”¹⁵ en op 12 September 1858 geïnpekteer vir Marthinus Johannes Schoeman.¹⁶

9. *Pilgrims & Sabie News*, 26 Julie 1912.
10. B. V. Lombaard: Die herinneringe van Komdt. J. Carel Winterbach. *Hist. Studies*, Jaarg. 5, No. 3, 1944.
11. *Ons Vaderland*, 13 Mei 1927, vertaal uit *Sunday Times*, 9 Augustus 1914.
12. A. Merensky: *Erinnerungen aus dem Missionsleben in Transvaal, 1859-1882*. Berliner Miss., Berlyn, 2de druk, 1899.
13. Byvoorbeeld, R1923/74.
14. Hy is gebore 10 Augustus 1823, oorlede 29 April 1909 en begrawe op sy destydse plaas, Enkeldoorns, enige myle wes van Lydenburg.
15. Akte van toekenning No. 60 van 1876. Ook Diagram A No. 1248/1912.
16. Hy is naby Bronkhorstspruit gebore op 20 Junie 1845, tydens die trek na Ohrigstad. Tydens die inspeksie van die plaas was hy dus in sy veertiende jaar.

Die gewapende bende van Johannes het onder aanvoering gestaan van Salomon,¹⁷ wat die van „Motlane” gevoer het (volgens Batseba). Toe dr. Wangemann hom in 1885 naby Mosêgo (ou hoofstat van Sekhukhune) ontmoet het, het hy hom beskryf as Salomo Motlane, wat saam met Dinkwanyane in afsondering gegaan het en . . . „een van die mees gevreesde vyande van die Engelse en die Boere”.¹⁸

(b) Dis op die plaas Wildebeestkraal No. 204 waar Jankowitz se timmerhout (tambotie) op 14 Maart 1876 in die slag gebly het. Volgens Landdros Cooper het die voorval op „Annex de Grootte Boom” plaasgevind.¹⁹ Daaronder word verstaan „aangrensend aan”. Aan die daar-aangehegte verklaring beskryf Jankowitz die plaas as „behorende aan de Weduwee Schutte en J. J. Malan”.

Wildebeestkraal is op dieselfde onderskeie datums aangeteken en gë-inspekteer as De Grootte Boom.²⁰ ’n Endossement op genoemde Akte lees: „Deze plaats is getrou getransporteerd op 28 Januarie 1870 op Jacobus Malan.” Die inspeksie was ten behoeve van Hester Aletta Viljoen, weduwee Schutte. Die voortgesette verbintenis van haar naam met dié van Malan ná 1870, word begryplik as onthou word dat haar man, Johannes Jacobus Schutte, wat haar kort tevore ontval het, ’n swaer van Malan was.²¹

3. *Het die Swazies gewere gehad?*

Sover my bekend, het die Swazies in daardie dae nie oor gewere beskik nie — altans nie op ekspedisies wat hulle saam met die Boere onderneem het nie. Batseba sê ook dat die Swazies nie gewere gehad het nie, hoewel ’n mens moet aanneem dat sy in die grot weggekruip het en nie veel van die vyand met eie oë gesien het nie. Daarenteë meld von Brandis van die stormende Swazies dat „. . . hul hou hul voorlaaiers in die een hand, en hul skilde en twee dodelike lang-lemmige asgaaie in die ander” En weer: „. . . hul eige vuur en steke werd beantwoord”²²

Ter ondersteuning hiervan kan ook aangevoer word dat Johannes koeëlwonde sou opgedoen het. Merensky noem dat „. . . ’n koeël het albei sy arms verbrysel en sy gesig deurboor”.²³ Benewens ’n asgaaisteek meld Glynn ’n koeël deur sy wang en ’n ander een deur sy gewrig. Van Rooyen²⁴ noem slegs dat Johannes ’n asgaaisteek in die regterbors en een in die linker dybeen opgedoen het. Batseba verklaar dat hy net een steek

17. R622/76.

18. Wangemann: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, Missionshaus, Berlyn, 1886, p. 253.

19. R622/76.

20. Akte 2553/1869.

21. *Historiese Studies*, Jaarg. 5, No. 3, p. 134.

22. *Ons Vaderland*, 13 Mei 1927.

23. Merensky, t.a.p., p. 312.

24. T. S. van Rooyen: *Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882*. Proefskrif, Univ. Pretoria, 1950.

in die skouer gekry het. Siende dat dit van bo toegedien is, kon dit tot in die bors deurgedring het. Indien haar relaas gestel word teen dié van ander verslaggewers, kan redelik besluit word dat haar hoofman geen koeëlwond opgedoen het nie, veral as die algemene betroubaarheid van haar getuienis in aanmerking geneem word, en dat sy in dieselfde grot as Johannes geskuil het.

Om miskien uit die dilemma te kom wat deur von Brandis se verklaring geskep word, dien die wete dat die Swazies in groepe verdeel was, vergesel deur Blankes, soos „Kalishane” Coetser, Frank Wheeler en Christiaan Fourie.²⁵ Daar mag nog meer gewees het. Dis natuurlik dat sulke Blankes hul gewees sou saamneem en dat Swazies vir hulle as wapendraers sou dien. Moontlik verwys von Brandis se waarnemings na sulke gevalle, veral as bedink word dat ’n geweer nie stormenderhand gehanteer kan word, terwyl dieselfde persoon ’n skildvel en asgaai vashou nie, en omgekeerd.

4. *Wie was die Swazies se aanvoerders?*

Shonga se getuienis moet hier as deurslaggewend beskou word dat Mataffene, die vermaarde generaal van die Inyati-regiment, hulle hoofaanvoerder was, gevolg deur Mathatiane, Manibane en Giba. Hiermee word foutief gespeelde name en klaarblyklike vergissings uitgeskakel.

5. *Die ongevalle*

Eerw. Bauling het gerapporteer dat 53 Swazies gewond is, waarvan 40 swaar gewond, en 4 later beswyk het.²⁶ Hy behoort die beste te weet, want hy het hulle verpleeg. Die hoofoffisier van die Swazies het sy verliese by die stat op 30 gestel, wat tesame met die vier wat later oorlede is, redelik goed ooreenstem met die 40 wat Van Rooyen noem. Die ongevalle onder die Pedi, soos vermeld deur Van Rooyen,²⁷ moet as te hoog beskou word, naamlik: 47 vegters en 22 vrouens en kinders gesneuwel, terwyl daar 16 vegters en 4 vrouens onder die gewondes was. Hierdie syfers is verkry van verslae opgestel kort na die slag, toe die Pedi nie informasie aan besoekers, nie eers aan Eerw. Bauling, wou geen nie.

Wat die lot van vrouens betref, hoef daar nie geaarsel te word om Batseba se getalle aan te neem nie, naamlik 5 gesneuwel en 3 weggevoer, wat redelik ooreenstem met Merensky se opgawe van 4 vrouens en 4 kinders wat deur die Swazies meegevoer is, terwyl slegs ’n paar gesneuwel het.²⁸ Volgens hom het daar onder die Pedi 22 vegters gesneuwel en is 19 gewond. ’n Mens moet aanneem dat Bauling op die duur wel juiste inligting oor die Pedi se ongevalle sou insamel, en dat Merensky sulke besonderhede later van hom kon verkry het. Glynn se getal van 800 gesneuwelde Swazies moet tersyde gestel word.

25. Von Brandis, t.a.p., ook J. P. Coetser in *Lydenburg News*, 21 April 1933.

26. R2057/76.

27. T. S. van Rooyen, t.a.p., p. 507.

28. Merensky, t.a.p., p. 312.

6. *Waarom het die Blankes nie volgens afspraak gestorm nie?*

Winterbach se verduideliking, wat nie strydig met ander verslae is nie, is insiggewend, maar kwalik oortuigend. Hy sê dat hulle teleurgesteld was om te vind dat hulle weg versper was deur 'n „ontoegankelyke kloof” (op meegaande kaart aangedui met „Swart Kloof”), wat bowendien met skerpskutters beset was.²⁹ Ondersoek ter plase het an die lig gebring dat die kloof kwalik as ontoeganklik beskryf kan word, al sou dit destyds miskien meer ruig kon gewees het as vandag. Inderdaad sou die digbegroeide kloof waardevolle bedekking aan die burgers verskaf het tydens hulle nadering aan die vyand. Die besetting van die kloof met skerpskutters was 'n uitdaging wat komdt. Coetzee nie wou aanvaar nie.³⁰

Na 'n verkenning van die terrein is dit nie moeilik om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n *direkte* aanval vanaf die oostekant louter dwaasheid sou gewees het nie. Indien die Swazies dit sou moes onderneem sou die 800-tal gesneuweldes van Glynn straks bewaarheid gewees het. Dis vandag nog duidelik dat die skanse uitstekende beskerming kon bied teen 'n vyand wat van die oostekant nader, maar minder doeltreffend sou wees teen een wat van die teenoorgestelde kant nader. Buitendien sou die aanrukkers hulle geheel en al moes blootstel aan geweervuur van agter die skanse gedurende hulle oorgang van die rivier se oop vloedbedding, om nie te praat van die maklike skywe wat hulle sou bied met die oorgang van die stroom self, met sy bedding van los, gladde klippe nie. Daarna sou die bestormers nog die steilte van sowat 200 voet (vertikaal) moes uitklim, terwyl die verdedigers van agter die skanse na benede op hulle kon skiet. 'n Direkte bestorming met 'n 300 man vanaf die oostekant sou, selfs met swaar verliese, tot mislukking gedoem gewees het.

Hierdie bespiegeling beklemtoon slegs die onverstandigheid van die besluit van 'n direkte stormaanval vanaf die oostekant, waarop daar blykbaar besluit is sonder deeglike verkenning of kennis van daardie gedeelte van die terrein.

7. *Waarheen wou Johannes aanvanklik trek?*

Die inligting van Batseba dat hulle eers na Swazieland wou trek, en dié van Motuwatse dat Johannes by Dirk Coetzee op Houtboschfontein wou bou, word treffend deur ander bronne gestaaf.

Merensky skryf dat toe Johannes nog op Bothšhabêlo was, het hy self gegaan (egter sonder welslae) om weiding te huur en grond te probeer koop in die gebied tussen Lydenburg en Swazieland.³¹ Blykens 'n versoek aan die Landdros van Middelburg wou Johannes hom vestig aan Elandspruit, in die rigting van Lydenburg.³²

Die plase Houtboschfontein, Houtboschhoek, Loopfontein en Weltevreden lê bymekaar, met laasgenoemde aangrensend aan Elandsrivier, naby die spoorwegstasie Airlie.

29. *Historiese Studies*, Jaarg. 5, No. 3, p. 135.

30. Von Brandis in *Ons Vaderland*, 13 Mei 1927.

31. Merensky, t.a.p., p. 299.

32. T. S. van Rooyen, t.a.p., p. 351.

Die inspeksie van Houtboschhoek het op 11 September 1868 plaasgevind ten behoeve van Dirk Jacobus Gerhardus Coetzee.³³ Op 16 Julie 1869 is die plaas getranspoteer op die naam van Jan Joubert. Dieselfde inspeksieverslag meld dat die aangrensende plaas Loopspruit (die latere Loopfontein?) ook vir D. J. G. Coetzee „aangeteken” is.

Die betreffende stukke oor Houtboschfontein lui dat hierdie plaas, „nu genaamd Weltevreden”, op 17 Januarie 1868 vir D. J. G. Coetzee geïnspekteer is „als tegenwoordige eienaar”. Hierdie plaas is op 2 Junie 1869 op die naam van J. J. Viljoen Sr. getranspoteer.

8. *Word Sekukuniland inbegrepe by die ruiltransaksie van 1846 met die Swazies?*

Hoewel die kwessie van grondbesit nie hier behandel is nie, word aandag slegs gevestig op 'n foutiewe afleiding van Hunt. Hy skryf: „It may here be noted that it has sometimes quite incorrectly been assumed by historians that by this treaty the early Republicans acquired their right to ‚Sekukuniland’ by purchase from the Swazies. This contention does not hold good under close examination, as the treaty boundary in the direction of Sekukuniland did not run further west than from the Olifants River north of Ohrigstad to the Elandspruit between Belfast and Machadodorp, thus it never included Sekukuniland at all”.³⁴

Hunt vergis hom hier omdat hy die veelseggende woordjie „op” (d.w.s. stroomopwaarts met Olifantsrivier) klaarblyklik nie raakgesien het nie in die betreffende beskrywing van die westelike grens van die geruilde gebied,³⁵ want in sy vertaalde lesing luit dit „. . . to the Olifants River and down to the Delagoa . . .”, in plaas van: „to the Olifants River up, and down to the Delagoa”.

Die weglating van genoemde woord kan nie aan 'n drukfout toegeskryf word nie, want dit ontbreek ook in sy MS. wat hy my ter insae gegee het kort nadat hy dit in 1931 voltooi het.

Verder verwar Hunt twee Transvaalse Elandsriviere met mekaar, soos ook sal blyk uit Merensky se uiteensetting.³⁶

D. Dankbetuiging

My opregte dank aan die *Aircraft Operating Company* vir die samestelling van die kaart uit lugfoto's, tesame met die hoogtelyne, en aan mev. P. Cartwright vir die tekening daarvan, sowel as aan my oudste seun vir sy hulp met die geodetiese veldwerk en die berekenings ter plasing van die kontrolepunte. Sonder hulle hulp, vrywillig verleen, sou ek die kaart onmoontlik tot stand kon bring.

Dr. B. V. Lombaard.

33. Toekenning 2803/1869.

34. D. R. Hunt: *An account of the Bapedi. Bantu Studies*, V, No. 4, p. 288.

35. *Voortrekker-argiefstukke*, p. 233.

36. Merensky, t.a.p., p. 324, ook 410.